
# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 16

## DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD






Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid, sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here.

God is regverdig, deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het.

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD



Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is




Romeine 3:12: Almal het afgedwaal; saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.”

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

Artikel: 16

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos;



1 Samuel 12:22: Want die HERE sal sy volk nie in die steek laat nie, ter wille van sy groot Naam. Die HERE het immers besluit om julle sy volk te maak.

Psalm 65:5: Gelukkig is die mens vir wie U uitkies en laat nader kom – hy mag woon in u voorhowe. Ons wil graag versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u tempel.

Handelinge 2:47: Hulle het God bly prys, en die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het daagliks verlostes by hulle getal gevoeg.

Handelinge 13:48: Toe die heidene dit hoor, was hulle bly en vol lof oor die woord van die Here. En diegene wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword.

Romeine 9:15-16: Vir Moses sê Hy tog: "Ek sal My ontferm oor wie ook al Ek My wil ontferm, en Ek sal barmhartig wees teenoor wie ook al Ek barmhartig wil wees." Dit berus dus nie by die mens wat wil en hom inspan nie, maar by God wat Hom ontferm.

Romeine 11:5-6: Net so is daar ook in die huidige tyd 'n oorblyfsel, deur genade uitgekies. Maar as dit uit genade is, is dit nie meer op grond van dade nie; want anders sou die genade nie meer genade wees nie.

Titus 1:1: Paulus, 'n dienskneg van God en apostel van Jesus Christus, ter bevordering van die geloof van die uitverkorenes van God, en hulle kennis van die waarheid, wat ooreenstem met godvresendheid,


1 Petrus 1:2: hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word: Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!

1 Johannes 4:10: Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes.

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD



Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is1, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem,



Maleagi 1:2-3: “Ek het julle lief,” sê die HERE, maar julle vra: “Hoe het U ons lief?” Die uitspraak van die HERE is: “Is Esau nie Jakob se broer nie? Tog het Ek Jakob lief, maar van Esau het Ek 'n afkeer en Ek het van sy bergland 'n verlate plek gemaak, sy erfdeel 'n plek vir die woestynjakkalse.”

Romeine 9:11-13: want nog voordat haar kinders gebore is, of iets goeds of kwaads gedoen het, is vir haar gesê: “Die oudste sal die jongste dien.” Dit het gebeur, sodat God se voorneme volgens sy uitverkiesing sou bly staan, nie op grond van mense se dade nie, maar op grond van Hom wat roep. Soos daar geskryf staan: “Jakob het Ek liefgehad, maar van Esau het Ek 'n afkeer gehad.”

Efesiërs 2:8-10: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie.Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.

2 Timoteus 1:9: Hy het ons verlos en geroep met 'n heilige roeping – nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en genade. Reeds van ewigheid af is dit in Christus Jesus aan ons geskenk,


Titus 3:4-5: Maar toe die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, verskyn, het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

Artikel: 16

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is1, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad



Johannes 6:37: Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My kom, en Ek sal die een wat na My kom, nooit verstoot nie;

Johannes 6:44: Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan.

Johannes 10:29: My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.

Johannes 17:2: net soos U aan Hom gesag oor die hele mensdom gegee het, sodat Hy aan elkeen wat U aan Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

Johannes 17:9: “Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir hulle wat U aan My gegee het, omdat hulle aan U behoort.


Johannes 17:12: Toe Ek by hulle was, het Ek hulle wat U aan My gegee het, in u Naam bewaar. Ek het hulle ook beskerm; en niemand van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf,18 sodat die Skrif vervul sou word.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

Artikel: 16

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is1, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here.



Johannes 6:27: Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat hou tot in die ewige lewe. Dit sal die Seun van die Mens vir julle gee, want op Hom het God die Vader sy seël geplaas.”

Johannes 15:16: Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra, vrug wat blywend is, sodat, wat julle die Vader in my Naam vra, Hy dit aan julle mag gee.

Johannes 15:19: As julle van die wêreld was, sou die wêreld julle as sy eie liefhê. Omdat julle egter nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, juis daarom haat die wêreld julle.


Romeine 8:29: want Hy het hulle wat Hy reeds tevore geken het, ook vooruit bestem om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word, sodat Hy die Eersgeborene onder baie broers kan wees;

Efesiërs 1:4-5: So het Hy ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitgekies, sodat ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou wees, nadat Hy ons voorbestem het om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgedink het,

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD



God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.



Romeine 9:17-22: Die Skrif sê immers vir die farao: “Juis hiervoor het Ek jou verhef, sodat Ek deur jou my krag kan toon, en sodat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word.” Hy ontferm Hom dus oor wie Hy wil, en Hy maak hardkoppig wie Hy wil. Jy sal nou vir my sê: “Hoe kan Hy dan nog 'n mens die skuld gee? Want wie kan sy wil teengaan?” Wie is jy tog, o mens, om God te weerspreek? Sal die maaksel vir sy maker sê: “Waarom het jy my so gemaak?” Of het die pottebakker dan nie die reg om uit dieselfde stuk klei 'n voorwerp vir edele gebruik of vir onedele gebruik te maak nie? As God dan die voorwerpe van sy toorn wat vir ondergang bestem is, met groot geduld verdra het, omdat Hy sy toorn wil vertoon en sy krag bekend wil maak,

1 Petrus 2:7-8: Daarom is dit kosbaar vir julle wat glo, maar vir ongelowiges geld, “Juis die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword,” en “'n klip waaroor 'n mens kan struikel, ja, 'n rots wat jou kan laat val.”

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD



Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here.

God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.

# DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD



Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is[1], Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos[2]; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem[3], in sy ewige en onveranderlike raad[4] uitverkies in Jesus Christus, ons Here[5].
God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het[6].

1 Romeine 3:12
2 1 Samuel 12:22; Psalm 65:5; Handelinge 2:47; Handelinge 13:48; Romeine 9:15-16; Romeine 11:5-6; Titus 1:1; 1 Petrus 1:2; 1 Johannes 4:10
3 Maleagi 1:2-3; Romeine 9:11-13; Efesiërs 2:8-10; 2 Timoteus 1:9; Titus 3:4-5
4 Johannes 6:37; Johannes 6:44; Johannes 10:29; Johannes 17:2; Johannes 17:9; Johannes 17:12
5 Johannes 6:27; Johannes 15:16; Johannes 15:19; Romeine 8:29; Efesiërs 1:4-5
6 Romeine 9:17-22.; 1 Petrus 2:7-8